

SAADKIEMING

Die meeste *Acacia*-sade het 'n harde, ondeurdringbare saadhuud wat veroorsaak dat onbeskadigde sade nie water kan opneem nie. Sonder wateropname is kieming nie moontlik nie, en het baie mites oor saadkieming van doringbome ontstaan.

Al wat werklik nodig is, is om 'n opening in die harde saadhuud te maak sodat die sade water kan absorbeer. Die openinge kan verkry word deur 'n klein stukkie van die saadhuud met skuurpapier of enige growwe oppervlak te verwyder of deur met 'n mes 'n stukkie saadhuud weg te sny. Hierdie metodes is egter onnatuurlik. Die sade beskik wel oor 'n natuurlike meganisme waardeur sade wel vir water toeganklik gemaak kan word. Direk langs die hilum kom 'n klein, wit, komvormige vlekke op die saad voor. Die langgestrekte epidermisselle wat die wit vlek bedek, dop maklik af as die saad aan hitte of afwisselende hitte en koue blootgestel word. Die wit vlek is vaatweefsel wat blootgelê word as die epidermisselle wat dit bedek, afdop. Water dring aan die saad deur die blootgelegde vaatweefsel binne. Die "dekseltjie" van epidermisselle kan ook maklik met 'n mes of naald verwyder word, waarna die saad water sal opneem en kiem.

SIAAPBEWEGINGS

Min mense besef dat doringbome "slaap". Die saamgestelde blare het aan die basis van elke blaaronderdeel 'n gewriggie wat die dele in staat stel om op en af te beweeg. Sodra die ligintensiteit daal soos by skemer, vou die blare toe en bly in die toestand totdat dit weer lig word. By sekere soorte vou die blare ook toe as die

temperatuur bo 'n bepaalde vlak styg wat dan as 'n beskerming teen oorverhitting beskou kan word.

SLOT

Met die paar los gedagtes het ek probeer aantoon dat doringbome baie interessante plante is en dat baie bevrediging geput kan word deur hulle te kweek en te bestudeer.

